## SESDE HOOFSTUK.

### VERSBOU.

§ **289.** Poësie verskil in twee opsigte van prosa; nl. in *inhoud* en *vorm*. Wat die inhoud betref is poësie uiting van die gevoel, en prosa van die verstand. In poësie druk die digter uit wat sy gemoed beweeg; in prosa kan die gemoed heeltemal buiten spel bly. Maar al druk prosa ook nou en dan iets uit, wat hart en gemoed raak, en al kan ons dan praat van *poëtiese prosa*, tog, om ten volle poësie te wees, moet dit ook 'n bepaalde vorm hê. Hierdie vorm word gekenmerk deur twee elemente: *maat* en *rym*. Ons sal eers hierdie twee bespreek, omdat dit die eintlike onderwerpe is, wat by die beskrywing van *versbou* in aanmerking kom, en daarna, as 'n aanhangsel, iets sê oor sekere maniere van uitdrukking, wat in prosa en poësie altwee voorkom, maar tog meeste in poësie, en wat 'n vername middel uitmaak, waardeur die bewoë gemoed van 'n digter hom op 'n treffende manier kan uitdruk; nl. *trope* en *retoriese figure*.

### *a.* Maat.

§ **290.** *Maat* is die vernaamste uiterlike kenmerk van poësie; ten minste in Afrikaans en ander moderne tale: daar bestaan gedigte sonder rym, maar nie sonder maat nie. Onder *maat* verstaan ons die gereelde afwisseling van lettergrepe met en sonder aksent, waardeur die stem by die lees van 'n gedig reëlmatig op- en afgaan. 'n Deel van 'n versreël, waarby die stem een keer op- en afgaan, word *voet* genoem. Partykeer is 'n voet nie heeltemal volledig nie; daar ontbreek dan iets aan; maar die lettergreep met die klemtoon kan nie gemis word nie.

§ **291.** In voete van twee lettergrepe kan die swaar lettergreep voor of agter staan. Ons dui die swaar lettergreep (*arsis*) aan deur 'n streep, —, en die ligte (*tesis*) deur 'n bogie, ⏑.

'n Voet met 'n swaar lettergreep voor en 'n ligte een agteraan noem ons *trogee*, en dit word só aangedui: — ⏑; b.v.:

slinger, vinger; koring, toring.

Die omgekeerde van 'n trogee is 'n *jambe*, en word aangedui met ⏑ —; b.v.:

geluk, verdruk; gedrag, verslag.

§ **292.** In voete van drie lettergrepe is een altyd swaar en twee is lig. Die swaar lettergreep kan *vooraan, in die middel* of *agteraan* staan. As hy vooraan staan: — ⏑ ⏑, noem ons die voet 'n *daktiel*; b.v.:

wandeling, handeling; lewende, bewende.

As hy in die middel staan, is die voet 'n *amfibragge*, b.v.:

bekering, waardering; verhewe, belewe.

En as die swaar lettergreep agteraan kom, noem ons die voet 'n *anapes*; b.v.:

van die klag, in die nag;
met 'n trap, en 'n klap.

§ **293.** Partykeer kom in 'n versreël twee swaar lettergrepe in een voet bymekaar, deurdat die digter in plaas van die twee ligte lettergrepe van 'n daktiel of anapes een swaar lettergreep gebruik; hierdie besonder soort voet, — —, word *spondee* genoem. Dit kom ook nou en dan voor in plaas van 'n trogee of 'n jambe. 'n Gedig is nooit heeltemal van spondeë gemaak nie, maar hulle dien om in verse met die gewone soort voete 'n aangename afwisseling te bring.

§ **294.** 'n Versreël kan bestaan uit een, twee, drie, tot ses, of selfs sewe voete. Die voete is nie altyd

volledig nie: partykeer ontbreek daar 'n lettergreep; veral op die end van 'n reël gebeur dit dikwels. Ons noem die hele reël dan *onvolledig*.

Maar dit gebeur ook partykeer, dat 'n reël 'n ligte lettergreep meer het as wat daar volgens die aantal voete in moet wees; dan noem ons so 'n reël *oortallig*. Kom hierdie orige lettergreep by die begin van die reël, dan noem ons dit 'n *voorslag*; agteraan word dit 'n *naslag* genoem.

Om te weet hoeveel voete daar in 'n reël is, tel ons net die lettergrepe *met klemtoon*; alleen by 'n spondee maak twee sulke lettergrepe 'n voet; maar by die ander is dit altyd 'n swaar lettergreep met een of twee ligtes, terwyl aan die end van 'n reël soms 'n ligte lettergreep weggelaat is. Ook is daar partykeer 'n voor- of naslag, wat nie vir 'n voet getel word nie.

§ **295.** Party gedigte het in alle reëls eweveel voete; by ander is die aantal verskillend. Baiemaal wissel die aantalle gereeld af; b.v.: die eerste reël het vier voete, die twede drie, die derde weer vier, die volgende weer drie, ens. Ook wissel volledige en onvolledige reëls mekaar af.

Om die struktuur van verse goed aanskoulik te maak, *skandeer* ons hulle; d.i. ons skryf die gedig af en bokant elke lettergreep sit ons dan die teken — of ⏑, om aan te dui of dit klemtoon het of nie, en merk die voete deur vertikale strepies. Dikwels word dan na elke reël nog vermeld, uit watter soort voet dit bestaan en hoeveel van die voete daarin is, en verder of daar 'n voor- of naslag by is, en of die reël voltallig of onvoltallig is.

§ **296.** Gedigte wat heeltemal of vir 'n groot deel uit versreëls van een voet bestaan, is daar nie. In Nederlands is daar 'n paar, maar hulle is so gekunstel dat hulle meer as taalkuriositeite dan as poësie beskou kan word. Eenvoetige verse word maar net vir afwisseling tussen ander reëls gebruik. Ons sal daarom hier geen voorbeelde daarvan gee nie.

§ **297.** Gedigte wat uit reëls van twee voete bestaan, is ook skaars, maar kom tog nou en dan voor; b.v.:

(*jambes*):

| | |
|---|---|
| Ja, hoog\|ty sal | ⏑ — (2) |
| ons har\|te vier | ⏑ — (2) |
| langs stroom\|geruis | ⏑ — (2) |
| van Berg\|rivier | ⏑ — (2) |

(D. F. MALHERBE)

(*trogee*):

| | |
|---|---|
| Vroom ge\|klank! | — ⏑ (2), onvoll. |
| Mense \| dank | — ⏑ (2), onvoll. |
| Almal \| mede | — ⏑ (2) |
| vir die \| vrede | — ⏑ (2) |
| 'n Opper\|wese | — ⏑ (2). |

(TOTIUS)

(*anapeste*):

| | |
|---|---|
| En in een\|same nag | ⏑ ⏑ — (2) |
| Staat die ster\|re se wag | ⏑ ⏑ — (2) |
| stil en van verre | |
| oor die hel\|de se skaar | ⏑ ⏑ — (2) |
| tot hul rus\|te vergaar | ⏑ ⏑ — (2) |
| onbelas, \| onbeswaar, | ⏑ ⏑ — (2) |
| veilig gebêre. | |

(J. CELLIERS)

Die 3e en 7e reël het hier 'n ander maat as die origes.

§ **298.** Meer gewoon is opeenvolginge van reëls van drie voete; b.v.:

(*jambes*)

| | |
|---|---|
| Dit is \| die maand \| Okto\|ber; | ⏑ — (3), nasl. |
| Die mooi\|ste, mooi\|ste maand: | ⏑ — (3) |
| Dan is \| die dag \| so hel\|der, | ⏑ — (3), nasl. |
| So groen \| is el\|ke aand. | ⏑ — (3) |

(LEIPOLDT)

(*trogee*)

| | |
|---|---|
| Die \| plante\|wêreld \| stoei | voorsl. — ⏑ (3), onvoll. |
| uit sy \| winter\|droom. | — ⏑ (3), onv. |
| Nuwe \| lewe \| broei | — ⏑ (3), onv. |
| op die \| sonne\|stroom | — ⏑ (3), onv. |
| In die \| boer se \| are | — ⏑ (3) |
| nuwe \| lewe \| stroom | — ⏑ (3), onv. |

(JOUBERT)

(*amfibragges*)

| | |
|---|---|
| Vir my sing \| maar liewers \| van blomme, | ⏑ — ⏑ (3) |
| Van al wat \| die vlei laat \| verkleur, | ⏑ — ⏑ (3),onv. |
| Van al wat \| die sonskyn \| laat spartel, | ⏑ — ⏑ (3) |
| Van voorjaar \| en najaar \| se geur. | ⏑ — ⏑ (3),onv. |

(LEIPOLDT)

§ **299.** Verse van vier voete kom die meeste voor; b.v.:

(*jambes*)

Ás ek | vanaand | so moe|dersiel | ⏑ — (4)
Alleen | hier by | die vuur|herd sit, | ⏑ — (4)
Dan bor|rel my | geheu|e op, | ⏑ — (4)
En maak | my hart | en siel | uit lid. | ⏑ — (4)

(LEIPOLDT)

(*trogeë*)

Kinders | van Suid|afri|ka, | — ⏑ (4), onv.
trots mag | ons ons | naam reeds | dra, | — ⏑ (4), onv.
in ons | wapen|skild dit | voer, | — ⏑ (4), onv.
tot dit | eens die | wêreld | roer, | — ⏑ (4), onv.
ere-|naam van | „Takhaar-|boer". | — ⏑ (4), onv.

(J. CELLIERS)

(*daktiele*)

Onder die | boom uit kom | nog 'n ge|sangetjie | —⏑⏑(4)
Rein soos 'n | traantjie oor | kindjie se | wangetjie | —⏑⏑(4)
Hoor dan die | orreltjie | onder die | boompietjie | —⏑⏑(4)
Luister die | wieglied van | ruisende|stroompietjie | —⏑⏑(4)

(LANGENHOVEN)

(*amfibragges*)

Ek mag jou|nie liefhê|en kan jou|nie haat nie | ⏑—⏑(4)
ek mag jou|nie hê nie|en kan jou|nie laat nie | ⏑—⏑(4)
O, leer my | die bitte|re stryd te| volstry | ⏑—⏑(4), onv.

(J. CELLIERS)

(*anapeste*)

Ja, ek het | met die trek | ker my sin | gend verbly | ⏑ ⏑ — (4)
of in ram | pe met klaag | toon sy psalm | begelei. | ⏑ ⏑ — (4)
In die stryd | met Dingaan, | as sy siel | werd geskeur, | ⏑ ⏑ — (4)
het my troos | tende stem | weer sy moed | opgebeur. | ⏑ ⏑ — (4)

(TOTIUS)

§ **300.** Reëls van vyf voete bestaan meesal uit jambes; hulle kom minder dikwels voor as die van vier voete.

(*jambes*)

Ja, neef, | wat kan | ek ou | mens, jou | vertel? | ⏑ — (5)
Jy wil | die sto | rie van | ons sterf | te hoor? | ⏑ — (5)
Nou goed!
Dis nooit | te laat | nie om | daarvan | ⏑ — (5)
te leer | en van | gebruik | te maak, | veral | ⏑ — (5)
Vir jul | le, jong | ling-men | se . . . . . |

(LEIPOLDT)

§ **301.** Vyfvoetige jambes is die gewone maat van *sonnette*. 'n Sonnet is 'n gediggie van veertien reëls, wat só ingerig is, dat die eerste ag reëls, wat uit twee groepe van vier bestaan, 'n voorsin vorm, en die laaste ses 'n nasin. In die voorsin word 'n sekere onderwerp onder die aandag van die hoorder of leser gebring, en in die nasin word daarop 'n toepassing gemaak.

Die volgende is 'n voorbeeld:

*See-Sonnet.*

O magtige oseaan, jy wydgestrekte,
Omsirkeld deur die ongemetenheid,
Diep in jou boesem rus die onontdekte;
Alleen jou swaar gehyg verneem die tyd.

O nooitvermoeide see, wat immer-woelend,
Gety|e reël | na gange van die maan
En op die storm se stem onstuimig spoelend,
Jou branders op die rotse stukkend slaan!

O e|wige dei|ning van | die Gro|te en Mag|tige!
So dein | die breed | sterk stroom | van vol|le le|we
In my klein hart. Ek nietigste kristal,
Ek mag ook speel met glans | van die e|wig-prag|tige.
Die skepping het ook my sy doel gegewe:
Een pols|slag in | die rit|me van | die Heelal!

WASSENAAR

OPMERKING. Daar is in hierdie sonnet 'n paar besonderhede in die maat, wat by die lees daarvan in ag geneem moet word. Vereers moet die woord *reël* as een lettergreep gelees word. Die woord *ewige* behoort te klink soos ew-ge. Die laaste lettergreep van *Grote* moet met die woordjie *en* inmekaar smelt; so ook die woord *die* met die eerste lettergreep van *ewig*, en later weer *die* met *heel* van *Heelal*. En ook moet die woorde *Magtige* en *pragtige* so gelees word dat hulle meer as trogeë dan as daktiele klink. Daar kom bowendien in die tiende reël 'n spondee voor, nl. *sterk stroom*.

§ **302.** Reëls van ses voete klink meesal ernstig. Hulle bestaan gewoonlik uit jambes of daktiele. Reëls van ses jambes word *aleksandryne* genoem; reëls van ses daktiele noem ons *heksameters*.

§ **303.** *Aleksandryne* het gewoonlik in die middel van die reël 'n skeiding, wat *sesuur* genoem word; b.v.:

Jou krag | bete|ken niks: ‖ 'n perd | het meer | as jy,
Maar jy kan dit gebruik ‖ om hom te tem en ry.
En jou geduld is niks: ‖ 'n donkie 't meer as jy,
Maar jy kan dit gebruik ‖ wanneer jy met hom ry.

(LANGENHOVEN)

Hierdie maat is besonder geskik vir groot en ernstige digwerke. In Afrikaans bestaan daar nog maar baie min gedigte in Aleksandryne. In Nederlands is daar 'n groot aantal. Een van die mees bekende is „De Overwintering op Nova-Zembla" van TOLLENS. Die volgende uittrekseltjie gee 'n idee van die manier waarop TOLLENS hierdie maat hanteer:

Hier heeft de Wintervorst ‖ zijn zetel opgeslagen;
Hier is zijn erf, zijn rijk! ‖ hier zijn geen lentedagen.
't Van ver genaderd licht, ‖ dat door de nevel schiet,
Moog' lekken aan de sneeuw, ‖ maar deert den ijsklomp niet.
Een altoos grauwe lucht ‖ weegt drukkend op de stranden;
Hier houdt geen sterv'ling 't uit; ‖ hier komt geen Noorman [landen
Geen and're plek op aard, ‖ hoe karig ook bedeeld,
Is zo ellendig naakt, ‖ zo arm aan groei en teelt.
Ens.

Die sesuur is hier elke slag presies in die middel van die reël, en dit maak hierdie gedig van 718 reëls baie eentonig. 'n Groter digter as TOLLENS, nl. DA COSTA, wat sy meeste groot gedigte in aleksandryne geskryf het, het uitnemend die kuns verstaan om afwisseling in sy verse te bring deur die sesuur elke slag op 'n ander plek te lê. Die volgende is daarvan 'n voorbeeld:

Zijn ros! — de roem van ouds, ‖ de vriend van zijn berijder
dat ros steeds, ‖ waar de spreuk van d' Idumese lijder
ter eer zijns Gods van zong: ‖ „Wie gaf het paard zijn [kracht,
zijn heldenhart? ‖ Wie heeft zijn hals bekleed met pracht
van manen, golvende op de wind? ‖ Men ziet hem dansen
gelijk een sprinkhaan, ‖ bij de bliksemende lansen,
de pijlen, raat'lend in hun koker, ‖ en het zwaard,
dat flikkert in zijn oog, ‖ voor galm noch glans vervaard.
Ens.

§ **304.** 'n *Heksameter* bestaan uit ses daktiele, waarvan die laaste altyd 'n lettergreep te min het. Die sesuur is altyd in die middel van die derde voet; maar terwyl by aleksandryne afwisseling gebring word in die plek van die sesuur, bring die digter by heksameters gedurig verandering in die versvoete. Hulle mag nl. algar

in spondeë verander word, deur in plaas van twee ligte lettergrepe een sware te neem. Alleen die vyfde voet moet altyd 'n daktiel bly. 'n Heksameter lees dan so:

Die strepe onderaan beteken, dat een swaar lettergreep in die plek van twee ligtes gesit mag word. B.v.:

Langzaam | galmde 't ge|tamp ‖
der | beeklok | over de | velden,
Die, vol|zalig, in | 't goud ‖
van | de avond|zonne zich | baadden.
Plechtig-|roerende | stond, ‖
als in | 't dorp elk | moederken | eensklaps
Stakende | 't snorren van | 't wiel ‖
met het | teken des | kruises zich | zegent.

(JAN VAN BEERS)

Hier kom in die eerste reël drie spondeë voor in plaas van daktiele; in die twede ook; in die derde is daar twee spondeë, en die vierde het niks as daktiele nie, en is dus die enigste suiwer heksameter van die vier.

In Afrikaans bestaan nog geen heksameters nie, behalwe 'n enkel gedig wat die indruk van hierdie maatsoort maak, soos „Afrika" van V. D. HEEVER, wat so begin:

Ge|vleugelde Telg van ou Tyd ‖
en jou moeder, die mistiese ruimte,
Wyk uit my verse, o spoed, ‖
en gun my in rustige | maat
Te | sing van die lot van ons land, ‖
die wieg van die vroegste beskawing,

Van | dag nog die land van misterie ‖
en | tog ook die | land van die | son;
Van die | golwende vlakte, ons see, ‖
met sy deining en | ver-blou ver | skiet,
Met sy | ewig diepsinnige lag ‖
soos die mond van 'n oosterse | god.

Die eerste, derde en vierde reël het hier 'n voorslag, die vyfde en sesde elkeen selfs twee; die twede, vierde, vyfde en sesde het in die laaste maat 'n lettergreep te min, en die twede laaste voet van die vyfde reël is nie 'n daktiel nie.

§ **305.** In die vorige §§ het ons voorbeelde gegee, waarin dieselfde maat dwarsdeur 'n hele gedig, of ten minste in 'n aantal reëls volgehou is, en ook alle reëls dieselfde aantal voete het. Maar dikwels wissel die digters die lengte van hulle versreëls gedurig af.
Hier is 'n paar voorbeelde:

Ek hou van 'n man wat sy man kan staan;
Ek hou van 'n arm wat 'n slag kan slaan,
'n oog wat nie wyk,
wat 'n bars kan kyk
en 'n wil wat so vas soos 'n klipsteen staan!

(J. Celliers)

Hoe skoon is al wat vry is
en bly is,
soos waterstroom in wilde prag —
met wrong
en sprong
so weggeglip
uit knellend klip
in skaterlag!

Lang
soos 'n slang
op sy kronklende gang,
lê Toegela en wag
op die koms van die dag.
Teen sy oewers slaat
hy op onrustige maat
met 'n voorgevoel van onweerstaanbare kwaad.

(JOUBERT)

§ **306.** Partykeer word die soort versvoete ook verander, en selfs verskillende voete in een en dieselfde reël gebruik; b.v.:

Langsaam | lui die | koper|klok
somber ver|haal uit die | toring|nok,
Oor die | lang vaal | straat sleep | swaar die | rou,
die | lykwa|wiele verf | stof se | grou.

(D. F. MALHERBE)

Merk op, hoe die spondeë in die derde reël die indruk van 'n stadige begrafnisstoet versterk.

En o, | met my | is die wind jies bly:
Hul spring | uit die stof | orent,
En wals | en draai | in dwar|relswaai
Oor my vloer | van end | tot end;
Die gras skud | hul wakker | om same | te jakker,
Tot hy op|spring uit | sy kooi
En soos ma|ne en ster|de van ja|ende per|de
Sy sten|gels golf | en gooi.

(J. CELLIERS)

Merk weer op, hoe die maat in die vyfde en sewende reël dien tot uitbeelding van die gedagte.

Die skandéring van sulke verse is soms baie ongemaklik, veral omdat 'n mens nie altyd kan uitmaak of 'n

onbeklemtoonde lettergreep voor of na 'n beklemtoonde een moet getel word nie. Neem ons laaste voorbeeld. Die vyfde reël kan ook as volg geskandeer word:

Die | gras skud, hul | wakker om | same te | jakker;

en die sewende op die volgende manier:

en | soos mane | en sterde ‖ van jaen|de perde.

Daarom word by sulke gemengde verse partykeer maar net die swaar aksente aangedui; b.v.:

Langsaam lui die koperklok
Somber verhaal uit die toringnok.
Oor die lang vaal straat sleep swaar die rou;
die lykwawiele verf stof se grou.

Of soos in die volgende:

Dis moeder Makou en haar kleine Piet.
As jy nader kom, dat sy dit siet,
dan lig sy haar kop en kyk vir jou,
asof sy vra: „Wat is dit nou?"
„Wil jy Pietjie hê, wil jy Pietjie steel —
My liewe klein bolletjie goud-ferweel?"

En sy sê met haar omdraai al skuddend haar stert:
„Nee, die hele wêreld is Pietjie nie werd!
Kom ons loop." En hy volg haar in trippeldraf klein
op sy sagte voetjies van geel satyn.

(JAN CELLIERS)

## b. **Rym.**

§ **307.** Behalwe maat het gedigte ook *rym*, hoewel nie altyd nie: daar is ook rymlose verse. Rym is die gelykheid van klank van twee woorde. Die rymende gedeelte bestaan altyd uit 'n swaar lettergreep of uit 'n swaar een met een of twee ligtes agteraan.

As die rymende gedeelte bestaan uit 'n swaar lettergreep, noem ons dit *manlike* of *staande* rym; b.v.: *lig — dig*; *gesang — verlang*.

As die rymende deel bestaan uit 'n swaar en 'n ligte lettergreep, noem ons dit *vroulike* of *slepende* rym; b.v.: *koning — woning*; *bestelling — vertelling*.

As dit bestaan uit 'n swaar lettergreep met twee ligtes, dan noem ons dit *glydende rym*; b.v.: *bewerig — klewerig*; *bestendige — inwendige*.

En as twee hele woorde of swaar lettergrepe rym, noem ons dit 'n *dubbele rym*; b.v.: *in die pad staan — met die lat slaan*; *ek hoor nog — van die oorlog*. Die dubbele rym is besonder geskik om 'n komiese effek teweeg te bring.

Die rym staan gewoonlik aan die end van die versreëls; maar dit kom ook nou en dan voor in die middel van 'n reël; dan noem ons dit *middel-* of *binnerym*; b.v.:

*Luister* hoe *fluister* die wind deur die boompietjie
(LANGENHOVEN)

Die volgende is 'n voorbeeld uit Nederlands:

Wijs *Klaartjen* zou 't *paartjen*, liefst samen alleen,
*Verzellen*, of *kwellen*, 't was moeder schier één,
Mits 't *zusjen* elk *kusjen* haar klappen mocht thuis:
Op 't ijs met zijn beiden dacht de oude niet pluis.
Ens. (POTGIETER)

Soms kom die rym by die begin; dan noem ons dit *beginrym*; 'n voorbeeld is die volgende Nederlandse reëls uit: *Epicuries feestgezang*:

*Ruisende* wanden en schitt'rende zalen,
*Bruisende* bekers en ramlende schalen,
*Blinkende* toortsen en flonkrend kristal,
*Klinkende* kelken en jubelgeschal!
*Schaatrende* buien van lachen en zingen,
*Klaatrende* stromen en kurken aan 't springen,
Ens. (DE GENESTET)

§ **308.** Die rymreëls kan op verskillende manier op mekaar volg, en die rym word dan ook alweer met verskillende name aangedui. So is daar:

*Gepaarde rym*, as twee rymreëls direk op mekaar volg; b.v.:

Gee my 'n roer in my regter*hand*,
Gee my 'n bok, wat vlug oor 'n *rand*,—
En 'n flukse perd om hom weg te *dra*:
Gee my Suidafri*ka*.

(KEET)

*Gekruiste rym*, as die eerste en derde reël rym, en die twede en vierde; b.v.:

Windjie, windjie, waarheen *jakker*
Jy so haastig nou al weer?
Al die stowwe skud jy *wakker*,
Blare, blomme, heen en weer.

(WASSENAAR)

*Omarmende rym*, as die eerste en vierde reël rym; en daartussenin die twede en derde ook; b.v.:

Eerwaarde vryheidsheld, dit was God's *hand*!
Ons sal maar weer die lendene omgord,
En trane-balsem oor ons wonde stort,
Want swaarkry is die stempel van ons *land*.

(VAN BRUGGEN)

*Gebroke rym*, as die twede en vierde reël rym, maar nie die eerste en derde nie; b.v.:

Ek ken 'n mooi klein sprokie,
wat so na waarheid *klink* —
dis dat die tortel altyd
sy water troebel *drink*.

(TOTIUS)

*Slagrym*, as drie of meer reëls op mekaar rym; b.v.:

Reguit en raak-se*kuur*
blits uit die tentwa-*muur*
driemaal die Boere*vuur*,
kraak hulle roere,

maaiend die horde *om*, —
driemale, al wat *kom* —
kyk, tot die swarte *drom*
wyk vir die Boere!

(J. CELLIERS)

'n Besonder mooi reeks van slagryme kry ons in Nederlands in die gedig van BILDERDIJK, getietel: *Uitvaart.* Dit begin as volg:

Befloerste *trom*
Noch rouwge*brom*
Ga romm'lend *om*
Voor mijn gebeente;
Geen klokge*bom*
Uit holle *Dom*
Roep 't welle*kom*
In 't grafgesteente;
Geen dichte *drom*
Volg stroef en *stom*;
Festoen noch *blom*
Van krepge*from*
Om 't lyk, ver*momm*'
Mijn schaam'le kleente!
Mijn jaartal *klom*
Tot volle *som*;
Mijn oog ver*glom*
En de ouder*dom*
Roept blind en *krom*
Ter doodsge meente.

Hier is slagrym in alle reëls wat met die letters —*om* eindig, en bowendien nog in die wat met die letters —*eente* eindig.

§ **309.** Ten slotte wys ons nog op 'n besonder soort rym, wat uit die ou Germaanse tyd afkomstig is, en vandag ook nog nou en dan in gedigte voorkom. Dit is *alliterasie* of *stafrym*. Soos ons gewone rymwoorde in hulle laaste lettergreep dieselfde klinkletter het, gevolg deur dieselfde medeklinkergeluide, so het alliterasie die enerse medeklinkers by die begin van die woord of lettergreep, sonder dat die klinkletter dieselfde hoef te wees; b.v. ***b**lad* en ***b**lom*; ***sw**aar* en ***sw**art*; ***d**ig* en ***d**onker*; ***g**root* en ***g**oed*. Dit kom voor by betoonde lettergrepe [1]). Hierdie rym tref ons baie by JAN CELLIERS aan, maar ook hier en daar by ander digters. B.v. (uit *Die Ossewa*):

Die osse **st**ap aan deur die **st**owwe,
ge**d**uldig, ge**d**ienstig, ge**d**wee.

(Die eerste is nie heeltemal 'n suiwer alliterasie nie, omdat *stap* onbetoon is.)

En **st**ille, al **st**uiwend en **st**ampend,
kom **st**adig die wa agterna.

. . . . . .

ge**b**uk in hul **b**eurende krag

. . . . . .

Dit kraak in die **br**ekende **br**okke

. . . . . .

Dit **kn**ars in die **kn**akkende **kn**okke

. . . . . .

Maar hul **b**eur, en hul vrag **b**ring hul daar.

. . . . . .

So, **st**om tot die **st**ond van hul **st**erwe

. . . . . .

Hul bene, na **sw**oege en **sw**erwe
lê **v**er op die **v**elde verlaat.

---

[1]) Dit het nl. ontstaan *na*dat en *deur*dat Germaans in sy ontwikkeling die stadium bereik het dat die woordaksent in sy verplasing na vorentoe, op die eerste lettergreep tereggekom het.

Die volgende is van LANGENHOVEN:

In die **s**ongloed van ons **s**omer,
in ons winternag se kou;
In die **l**ente van ons **l**iefde,
in die **l**anfer van ons rou;
By die **kl**ink van huw'liks**kl**okkies,
by die **kl**uit**kl**ap op die kis —.

Verder kry ons nog alliterasie in 'n menigte uitdrukkings wat ons oorgeërf het, soos b.v.:

***h**uis en **h**aard*; ***g**eld en **g**oed*; ***v**uur en **v**lam*; ***v**riend en **v**yand*; ***s**tem en **s**nare*; *sonder om te **bl**ik of **bl**oos*; ***d**ag voor **d**ou* (*ontstaan uit*: *voor dag en dou*); ***kr**uis en **kr**oon*; ***l**ig en **l**ewe*; *deur **d**ik en **d**un*; ***kr**ag na **kr**uis*; ***w**eer en **w**ind*; ***pr**ag en **pr**aal*; ***g**ou en **g**oed*; *met **h**uid en **h**aar*; ens.

§ **310.** *Parallellisme.* In die poëtiese boeke van die Bybel vind ons 'n baie besonder soort rym van Oosterse oorsprong. Dis nie 'n rym van die woorde nie, maar van die gedagte. Dieselfde ding word tweemaal gesê, maar in ander woorde; b.v.:

Die hemele vertel Gods eer,
en die uitspansel verkondig Sy handewerk.
. . . . . .

Die dag aan die dag stort oorvloedig spraak uit,
en die nag aan die nag toon wetenskap.

Ps. 19 (Vert. v. TOTIUS)

Die aarde behoort aan die Here
en die volheid daarvan;
die wêreld,
en die wat daarin woon;
want Hy het dit gegrond op die seë,
en het dit gevestig op die riviere.

Ps. 24 (Vert. v. TOTIUS)

## c. **Beeldspraak; Trope.**

§ **311.** Dit gebeur dikwels, dat 'n digter sy gedagte nie reguit sê nie, maar dat hy dit deur 'n beeld voorstel. Dit noem ons *beeldspraak* of *figuurlike taal.* Die verskillende soorte beeldspraak word ook aangedui met die naam *trope*, d. i. *wendinge* (van die Griekse woord *tropos*). Die eienaardige van goeie beeldspraak is, dat al druk dit die saak nie regstreeks uit nie, die hoorder tog 'n dieper indruk daarvan ontvang, as gevolg van die treffendheid van die beeld.

Beeldspraak is al oud; want die teenswoordige beskaafde nasies het reeds in hulle primitiewe toestand dikwels in beelde gepraat. Daarvandaan dat ons in ons daelikse taal 'n menigte woorde gebruik, wat die ou Germane van wie ons afstam, as beelde gebruik het; b.v. as ons praat van die *voet* van 'n berg, die *poot* van 'n tafel, die *oor* van 'n pot, die *oog* van 'n naald, die *bed* van 'n rivier, die *horings* van die maan, die *bek* van die oond, die *kop* van 'n speld, 'n berg*rug*; ook as ons sê dat die water op die vuur *sing*, dat die lug *dreig* met onweer, dat die rivier *loop*, dat 'n pad hier- of daarnatoe *gaan*, dat 'n kledingstuk lekker *sit*; ens.

Maar terwyl hierdie uitdrukkings in ons gewone taal oorgegaan het, voel ons dit tog nie meer as beelde nie, en word dit om dié rede vandag ook nie meer as beeldspraak beskou nie.

Die vernaamste soorte beeldspraak (trope) is: die *similee* of vergelyking, die *metafoor* of oordrag, die *antonomasia* of naamsverwisseling, die *personifikasie* of persoonsverbeelding, die *sinekdogee* of same-opvatting; die *allegorie* of versamelbeeld.

§ **312.** Die *similee* of vergelyking noem 'n ding met sy regte naam, en vergelyk dit dan met iets anders; b.v.:

Lang
*soos 'n slang*
in sy kronklende gang
lê *Toegela.*

(JOUBERT)

Daar op die vyeboom sit *die vabond* [1])
So sedig *as 'n predikant.*

(LEIPOLDT)

*Soas 'n drenkeling,* bedreig deur Dood,
Spartel en spat en sy ganse mag verset
Teen woedende waters; en dan ternouernood
Deur magtige hande uit groot gevaar word gered —
So worstel *ons Verlede* rond vandag
Voor my verstand se oog.

(KEET)

Dis nie nodig dat die twee lede van die vergelyking deur een van die woordjies *soos, soas, nes, net soos* met mekaar verbind is nie; b.v.:

Die *wa* — 'n sterke *man* is hy;
die *tent* — 'n taaie *vrou* is sy.

(TOTIUS)

My *plasie* is my *Naboths erf.*

(TOTIUS)

As saans die donker *duister* daal,
Die *doodskleed* van die dag.

(KEET)

§ **313.** Die *metafoor* of oordrag. Hier word net die beeld genoem, sonder om daarby te sê, wat in beeld voorgestel word; maar die betekenis van die beeld is vanself al duidelik.

En naby lê die ou murasie daar,
met *dode-oë* starend in die wes.

(JAN CELLIERS)

Goei nawend my sterretjie
met jou *vrind'like groet.*

(TOTIUS)

Die haan het *op sy beul geblaas.*

(TOTIUS)

---

[1]) Die verkleurmannetjie.

Die bloekoms langs die paaie
is almal nuut *geboen.*

(LEIPOLDT)

Dan *borrel* my geheue op.

(LEIPOLDT)

Met 'n lag om sy mond het hy *bruiloj gevier*
*Met 'n klein brokkie Engelse lood.*

(LEIPOLDT)

En honderdduisend *ogies* loer
Op spieëlgladde water*vloer*
Daar bowe uit die hemel.

(KEET)

As saans die skemer*sluier* sak.

(KEET)

§ **314.** Die *antonomasia* of naamsverwisseling bestaan daarin dat in plaas van iemand se naam 'n ander naam, wat eintlik as 'n bystelling by die regte naam behoort te staan, genoem word; b.v.:

die *diamantstad* (in pl. v. Kimberley);
die *goudstad* (in pl. v. Johannesburg);
die *Afrikaanse kolossus* (President Kruger);
die *Held van Koringspruit* (Gen. De Wet).

'n Besonder soort antonomasia is die *perifrase* of omskrywing, waarby 'n beskrywing gegee word, waaruit die hoorder kan opmaak wie bedoel word; b.v.:

Hy, digter, wat in duister vir sy volk
Die helde-heer van Ilion het besing,
Akiel se wraak en Priam se seun se dood,
En die lang slenterreis van Ulisses
(d. i. die digter Homerus)

(LEIPOLDT)

de Idumese lijder (= Job; Kyk § 303).

(DA COSTA)

§ **315.** Die *personifikasie* stel 'n lewenlose iets as 'n persoon voor; b.v.:

*die veld treur*; *die son lag*; *die hemel juig*; *die kanonne praat 'n woordjie saam*; *die wapens moet beslis.*

Die werf is stil; *die hele vlakte swyg*;
*Geen ploeg gaan* langs die akkers op en af.

(WASSENAAR)

As saans *die son* stilswygend *sterf.*

(KEET)

Maagde-mooie *dag*
*kus* die heuwels, groen.
*Lowerweelde lag,*
*son-* en *dou-gesoen.*
Diepe *dale staan bly* in lentedrag.

(JOUBERT)

§ **316.** Die *sinekdogee* of same-opvatting is 'n figuur van 'n veelsydige aard.

*a.* Dit noem 'n deel en meen die geheel; b.v.:
Die *oog* van die baas (= die baas) hou die volk in bedwang;
die heilige *blad* (= die Bybel);
op sy oue *dag* (= oue leeftyd).

*b.* Dit noem die enkelvoud en bedoel die meervoud; b.v.:
Die tyd is teenswoordig sleg vir *die boer* (= die boere).
Die *os* (= die osse) is onmisbaar vir die landbouer.

*c.* Dit noem die maker en bedoel die maaksel; b.v.:
Ek lees *Leipoldt* (= sy werke).
Hierdie skildery is *'n Pierneef.*
Ek het *'n Van Wouw* gekoop (= 'n beeldwerk van Van Wouw).

*d.* Dit noem die instrument en bedoel die werker; b.v.:
*Die pers* het groot invloed (= die boek- en koerantskrywers).
*Die ploeg* (= die boer) het die velde omgekeer.

*e.* Dit noem die vat en bedoel wat daarin is, of omgekeerd; b.v.:
Hy is 'n liefhebber van *die bottel* (= die drank).
*Die sout* (= die soutvaatjie) het omgeval.

*f.* Dit noem die stof en bedoel iets wat daarvan gemaak is; b.v.:
Hy het my met *'n yster* (= 'n ystervoorwerp) geslaan.
Daar was baie *koper* (= pennies) in die kollekte.

*g.* Dit noem die konkrete en bedoel die abstrakte; b.v.:
*Salomo* (= die wysheid) is by hom tuis.

OPMERKING. Sekere gevalle van sinekdogee, b.v. by *c.*, *d.*, *e.*, word ook soms *metoniemia* (= oornoeming) genoem.

§ **317.** Die *allegorie* of versamelbeeld is 'n ver uitgewerkte verbinding van metafore en personifikasies; die verskillende persone of sake word in hulle onderlinge betrekking tot mekaar in beelde voorgestel. 'n Voorbeeld daarvan lewer die gediggie van TOTIUS: „*Vergewe en vergeet*". Die doringboompie, die wa, die wond, die litteken het algar hulle betekenis. Ook „*Die Howenier*" van dieselfde digter is 'n allegorie. Baie gelykenisse in die Bybel is allegorieë. Een van die beroemdste allegorieë in die wêreld is „*The Pilgrim's Progress*" van JOHN BUNYAN. 'n Mooi een in Nederlands is „*Scheepspraat*" van HUYGHENS.

### d. **Retoriese figure.**

§ **318.** *Retoriese figure* is nie eintlik beeldetaal nie, maar 'n besonder manier van uitdrukking, waarby 'n ding anders gesê word as wat die bedoeling is, net om daardeur die bedoeling soveel treffender te laat uitkom. Die vernaamste soorte is: die *hiperbool* of oordrywing; die *litotes* of verkleining; die *ironie* of die teenoorgestelde; die *sarkasme* of bytende spot; die *retoriese vraag*; die *retoriese uitroep*.

§ **319.** Die *hiperbool* maak 'n ding groter as wat dit is; b.v.:
Het jy nog niks daarvan gehoor nie? En *die hele stad is dan vol daarvan*!
Ek het nou al *honderdmaal* dieselfde ding gesê, en nog vra jy my daarna.

§ **320.** Die *litotes* is die omgekeerde van die hiperbool; dit maak 'n ding kleiner; b.v.:

Drie jare het dit gevat om *die handjievol* Boere te onderwerp. (Die handjievol was tog tientalle van duisende, maar in vergelyking met 300,000 was dit maar min.)

Daar was maar *'n paar mense* op die vergadering. (Tog kan dit miskien vyftig of meer gewees het; maar dit was baie minder as wat daar verwag was.)

'n Besonder soort van litotes is die *eufemisme* of versagtende uitdrukking. In plaas van: „Hy het bankrot geraak", word b.v. gesê: „Sy boeke was nie in orde nie"; in plaas van: „Hy is kranksinnig": „Hy is nie goed by sy verstand nie", „Hy is deurmekaar", of: „Sy varkies is nie almal in die hok nie".

§ **321.** Die *ironie* gee presies die teenoorgestelde van wat bedoel word; 'n afkeurende uitdrukking word gebruik om te prys, en 'n prysende uitdrukking word 'n middel om af te keur; b.v.:

'n Moeder sê vir haar kindjie: „jou skelm, jou apie, jou bobbejaantjie", ens., en daarmee bedoel sy: „jou liefling, my mooi kindjie", ens.

As die seun se klere stukkend en vuil is, sodat die moeder baie werk sal hê om alles weer reg te maak, sê sy miskien: „So, dit lyk weer net mooi, nè!"

Uit die paar voorbeelde blyk dat ironie 'n spelende soort uitdrukking is.

§ **322.** Met *sarkasme* is dit glad anders. Sarkasme wil ook seer maak, en word dus altyd gebruik met 'n bitter gemoed. Pragtige voorbeelde van sarkasme vind ons by LEIPOLDT, b.v. in sy „*Vredeaand*":

Kom, hier 's 'n bottel soetwyn; laat ons drink!
Ons het ons nasie in die see gesink;
Ons het geen land meer nie: dis klaar met Kees!
Dis vrede nou: kom skreeu — of is jy hees
Van lag?

En verder:

Die aandeelmark rys weer, en ons daarmee!
Wat is ons land teenoor die aandeelmark?
Wat 'n kanarievoël teenoor 'n vark?
Ons nasie, wat so wild was, is nou mak
En kan getrein word soos 'n jong bobjaan,
Wat, as hy steeks is, jy weer goed kan slaan.

§ **323.** Die *retoriese vraag* is nie bedoel om 'n antwoord uit te lok nie, maar om sterk die teenoorgestelde van die vraag te laat uitkom; b.v.:

'n Vader sê vir sy ongehoorsame seun: „Het ek jou nie gesê wat jy moes doen nie?" (Die bedoeling is: „Ek het jou duidelik gesê, wat jy moes doen".)

'n Redenaar vra sy publiek: „Moet ek die gevolge van so'n dwase politiek nog beskrywe?" (Hy bedoel: „Dis nie nodig dat ek", ens.)

Ons sien uit hierdie voorbeelde, dat 'n bevestigende retoriese vraag 'n ontkenning bedoel, en 'n ontkennende vraag 'n bevestiging.

§ **324.** Die *retoriese uitroep* wil die bevestiging versterk, en gee die indruk weer, wat 'n ding op die spreker maak; b.v.:

Ag, hoe naar was dit! (= dit was baie naar!)

O, die oggendstond op 'n boereplaas! (= die oggendstond op 'n boereplaas is tog so aangenaam.)

(TOTIUS)

# DE BUSSY SE HISTORIESE LEESBOEKE

In hierdie serie het verskyn:

**No. 1** **MOOI ANNIE**
**of DIE SKIPBREUKELINGE**
'n Historiese Verhaal uit die 18 eeu,
deur D'ARBEZ
Afrikaanse bewerking deur DR. P. C. SCHOONEES
Vierde Afrikaanse uitgawe
**Prys 4/3 posvry**

---

**No. 2** **DAWID MALAN**
**'n Verhaal uit die groot trek**
deur D'ARBEZ
In Afrikaans oorgesit deur ESTHER KRITZINGER
Vierde Afrikaanse uitgawe
**Prys 4/3 posvry**

---

**No. 3** **Kort geskiedenis van**
**DIE HUGENOTE**
deur D'ARBEZ
In Afrikaans oorgesit deur T. J. KRUGER,
onder toesig van Eerw. A. DREYER,
Sendeling van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika
**Prys 3/3 posvry**

---

**No. 4** **SWART EN WIT**
**'n Verhaal uit die Vrystaatse Basoetoe-oorlog**
deur D'ARBEZ
Afrikaanse bewerking deur DR. P. C. SCHOONEES
**Prys 4/3 posvry**

---

**No. 5 DIE FAMIELIE VAN DIE SIEKETROOSTER**
**of Die Franse Vlugtelinge**
'n Historiese verhaal uit die 17e eeu,
deur D'ARBEZ
Afrikaanse bewerking deur DR. P. C. SCHOONEES
**Prys 4/3 postvry**

## Mooi Afrikaanse boeke

### WAAR DIE DORING-BOME FLUISTER

TWEDE DRUK

'n Boek vir jongmense

deur

J. J. GROENEWEG

Prys 6/9 posvry.

### NAOMIE

of

### Die laaste dae van Jerusalem

deur

Mev. B. J. WEBB

Afrikaanse bewerking deur

F. POSTMA

Prys 4/3 posvry.

### BEN-HUR

TWEDE DRUK

deur

LEWIS WALLACE

In Afrikaans bewerk deur

HERMANUS

Prys 4/6 posvry.

## 'n Nuwe uitgawe van 'n belangrike boek

Ons kondig hierby die verskyning aan van die twede druk van:

# Die Prosa van die twede Afrikaanse beweging

deur

**Dr. P. C. SCHOONEES**

Die Skrywer het die boek heeltemal hersien en bygewerk, sodat daarin die vernaamste werke tot die end van 1926 bespreek word. Dit het nou 'n boek van byna 400 bladsye geword, wat dieselfde formaat het as die eerste druk en gebind is in sagte linneband.

Ons vertrou dat hierdie werk nou nog beter aan sy doel sal beantwoord en die belangstelling in ons letterkunde aanmerklik sal vermeerder.

**Die prys is 8/9 posvry**